**Woensdag 23 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 119:113-120**
**Fokusgedeelte: Psalm 119:114 (AFR2020)**
**Vestig jou hoop op God se Woord**

Waarop of op wie stel jy jou hoop? Waarheen vlug jy as jy bang of benoud raak? In hierdie gedeelte word ons getref deur die psalmdigter se vaste vertroue en toewyding aan God se Woord, selfs te midde van moeilike omstandighede en teenstand. Vir die psalmdigter is God se Woord ’n bron van krag en troos in tye van beproewing.

In vers 114 erken die psalmdigter dat God se Woord sy beskerming en skild is. Dit is veel meer as net ’n gevoel, hy ervaar werklik dat hy by die Here veilig is. Hierdie wete dat hy altyd by die Here kan skuil, spruit voort uit sy geloof en hoop op God se beloftes wat hy in sy Woord aan ons openbaar. In tye van twyfel en vrees, bied God se Woord ’n veilige hawe.

Van nature is ons geneig om ons hoop op mense of geld te plaas. Ons is so dikwels geneig om as gevolg van ons sonde van God en sy Woord af weg te vulg. Daarom roep die Here ons in hierdie gedeelte op om ons hoop op Hom alleen te stel en om ons vertroue op sy beloftes te vestig.

*Moet op prinse nie vertrou nie, by wie niemand heil kan vind – op die mens jou hoop nie bou nie; want as God hule gees ontbind, keer hul na die aarde weer en hul raadslag stort terneer. Salig hy wat in die lewe, sonder hulp en sonder raad, as hom alles wil begewe, vlug tot God sy toeverlaat; en ook in die swartste nag op die Here alleen bly wag.*

*Sing: Psalm 146-1:2, 3*

*Ds. FJ (Fritz) Potgieter (Bloemfontein-Suid)*